Die waarnemende Minister van Vervoer het, ingevolge die bepalings van artikel *drie* (7) van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, mnr. T. C. J. Posthumus vir die vergadering gehou op 8 Julie 1965, as lid van die Plaaslike Padvervoerraad, Oos-Londen, vir die transportgebied soos aangedui en omskryf in Proklamasie No. 334 van 1948, soos gewysig, aangestel.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1219.] [20 Augustus 1965.

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—VERBETERING VAN LYS No. A. 20 GEPUBLISEER BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 617 VAN 7 MEI 1965.

Item No. 1 moet lui:—

„ Balthazar (slegs die stofomslag van Italiaanse vertaling)."

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 1220.] [20 Augustus 1965.

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE.— LYS No. A.25.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt* van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet No. 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:—

	Publikasie/*Publication.*	Deur/*By.*
1.	*Anita Ekberg* (The Great Ones—No. 3)	Renaud de Laborderie.
2.	*Bed of an Empress*, Book No. R 901, Brown and Watson, London (Slegs omslag/*Cover only*)	Leopold von Sacher-Masoch.
3.	*Bluebook*, Vol. 104, No. 3, July, 1965..	—
4.	*Chelsea Bird*.....	Virginia Ironside.
5.	*Commemorate the Victory over German Fascism! Carry the Struggle against U.S. Imperialism through to the end!*	Lo Jui-Ching.
6.	*Documents in connection with the meeting of the Political Consultative Committee of the Warsaw Treaty which was held from January 19 to 20, 1965.* Uitgegee deur/*Published by* The Naim Frashëri State Publishing House, Tirana	—
7.	*For Bond Lovers Only*.....	Compiled and Edited by Sheldon Lane.
8.	*Great Victory for Leninism, A*—In Commemoration of the 95th Anniversary of the Birth of Lenin. Uitgegee deur/*Published by* Foreign Languages Press, Peking	—
9.	*Great Victory of the Soviet People, The.* Uitgegee deur/*Published by* Novosti Press Agency, Moscow	—
10.	*Historical Experience of the War against Fascism, The.* Uitgegee deur/*Published by* Foreign Languages Press, Peking	—
11.	*How the Economy was Nationalized in the U.S.S.R.—What, How and Why*	Efraim Lokshin.
12.	*Krushchevite Brezhnyev–Kosigin–Mikoyan Troika are on the way to negating and sabotaging the Liberation Wars of Peoples, The.* Uitgegee deur/*Published by* The Naim Frashëri Publishing House, Tirana	—

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. 1230.] [20 August 1965.

APPOINTMENT OF MEMBER.—LOCAL ROAD TRANSPORTATION BOARD, EAST LONDON.

The Acting Minister of Transport has, in terms of the provisions of section *three* (7) of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, appointed Mr. T. C. J. Posthumus, for the meeting held on 8th July, 1965, as a member of the Local Road Transportation Board, East London, for the local transport area indicated and described in Proclamation No. 334 of 1948, as amended.

DEPARTMENT OF INTERIOR.

No. 1219.] [20 August 1965.

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—CORRECTION OF LIST No. A. 20 PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 617 DATED THE 7TH MAY, 1965.

Item No. 1 should read:—

" Balthazar (dust cover of Italian translation only)."

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

No. 1220.] [20 August 1965.

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS.—LIST No. A.25.

The Publications Control Board has, by virtue of the Powers vested in it by section *eight* of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act No. 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:—

	Publikasie/*Publication.*	Deur/*By.*
13.	*Lenin on Material Incentive and Enthusiasm of the Masses*	Mikhail Laptin.
14.	*Man's Epic*, Vol. 3, No. 4, August, 1965	—
15.	*March 1st Divisive meeting of the Revisionists—A major plot against Marxism–Leninism and International Communism, The.* Uitgegee deur/*Published by* The Naim Frashëri Publishing House, Tirana	—
16.	*Murder is a Package Deal*.....	Carter Brown.
17.	*Never-Was Girl, The*.....	Carter Brown.
18.	*Place to Sleep, A*.....	Gerda Rhoads.
19.	*Playboy—Book of Party Jokes*, 1966....	—
20.	*Proposal Concerning the General Line of the International Communist Movement, A.*—The Letter of the Central Committee of the Communist Party of China in Reply to the Letter of the Central Committee of the Communist Party of the Soviet Union of March 30, 1963. Uitgegee deur/*Published by* Foreign Languages Press, Peking	—
21.	*Revolutionary Marxism–Leninism will Triumph in a Europe Pregnant with Revisionism.* Uitgegee deur/*Published by* The Naim Frashëri State Publishing House, Tirana	—
22.	*Scarlet Flush, The*.....	Carter Brown.
23.	*Selected Military Writings of Mao Tse-Tung.* Uitgegee deur/*Published by* Foreign Languages Press, Peking	—
24.	*Short Pleasures*.....	Anne Bernays.
25.	*Strange Possession*.....	Denys Val Baker.
26.	*Ursula Andress* (The Great Ones—No. 4)	Renaud de Laborderie.
27.	*Ways to Socialism and Dictatorship of the Proletariat, The*	A. Butenko.

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

No. 1221.] [20 Augustus 1965.

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTIKE GOEDERE.—LYS No. B.25.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by sub-artikel (3) (*a*) van artikel *honderd-en-dertien* van die Doeanewet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

Publikasie/*Publication.*	Deur/*By.*
1. *Beyond all Passion*.....	Don James.
2. *Calendar Study:* *Heat Wave*, No. 8348.....	—
3. *Candy*.....	Terry Southern and Mason Hoffenberg.
4. *Continental Film Review*, June, 1965....	—
5. *Fünf Müssen Sterben*.....	Dan Marlowe.
6. *Greek Love*.....	J. Z. Englinton.

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 1222.] [20 Augustus 1965.

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE.—LYS No. C.18.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by sub-artikel (3) (*b*) van artikel *honderd-en-dertien* van die Doeanewet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

1. *Penthouse*—The Magazine for Men—Vol. 1, No. 2, April/May 1965, en alle daaropvolgende uitgawes/*and all ensuing editions.*
2. *Sundeck.* Uitgegee deur/*Published by* Sun Import Inc., Philadelphia, U.S.A., alle uitgawes/*all editions.*

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 1221.] [20 August 1965.

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS: LIST No. B.25.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by sub-section (3) (*a*) of section *one hundred-and-thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are indecent, obscene or objectionable:—

Publikasie/*Publication.*	Deur/*By.*
7. *Kalenderskets:* *Heat Wave*, No. 8348.....	—
8. *Male Annual*, Vol. 2, No. 2, 1964.....	—
9. *Men and Women*.....	Erskine Caldwell.
10. *Plaat:* *Audio Fidelity*, No. AFSD 5920–A and No. AFSD 5920–B: Oscar Brand	—
11. *Record:* *Audio Fidelity*, No. AFSD 5920–A and No. AFSD 5920–B: Oscar Brand	—

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

No. 1222.] [20 August 1965.

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS:—LIST No. C.18.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by sub-section (3) (*b*) of section *one hundred-and-thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are indecent, obscene or objectionable:—

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

No. 1212.] [20 Augustus 1965.

BURO VIR HERALDIEK.

BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935 (WET No. 23 VAN 1935.)

AANSOEKE OM REGISTRASIE EN/OF WYSIGING.

Ondergenoemde verenigings en inrigtings het, kragtens subartikel (1) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), soos gewysig, aansoek gedoen om die registrasie van hulle name, spesiale name en uniforms. Enigeen wat daardeur getref of moontlik getref mag word en wat teen die toestaan van enige sodanige registrasie beswaar wil maak, kan dit doen binne drie maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op die voorgeskrewe vorm wat by die Staatsheraldikus, Privaatsak 236, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar is.

1. *Naam.*—Hoërskool Petrusburg.

   Uniform.

   Kleurbaadjie.—Op 'n donkerblou agtergrond en met tussenruimtes van 4⅛ duim, 'n samestelling van vertikale strepe, goud—donkerblou—groen, onderskeidelik ⅛ duim, ⅜ duim en ⅛ duim breed, en die tussenruimtes om die beurt gedeel deur 'n silverstreep ⅛ duim breed. (H2/1/1604.)

2. *Naam.*—North End Grey Primary School, Port Elizabeth.

   Uniform.

   Kleurbaadjie.—Op 'n donkerblou agtergond en met tussenruimtes van 1¾ duim, 'n samestelling van vertikale strepe, oranje—silwer—oranje, onderskeidelik $\frac{1}{16}$ duim, ¼ duim, en $\frac{1}{16}$ duim breed. (H2/1/1834.)

DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

No. 1212.] [20 August 1965.

BUREAU OF HERALDRY.

PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935 (ACT No. 23 OF 1935).

APPLICATIONS FOR REGISTRATION AND/OR AMENDMENT.

The associations and institutions mentioned hereunder have applied, in terms of sub-section (1) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), as amended, for the registration of their names, special names and uniforms. Any person affected or likely to be affected and who desires to raise objections to any such registration may do so within three months of the date of publication of this notice, on the prescribed form obtainable from the State Herald, Private Bag 236, Union Buildings, Pretoria.

1. *Name.*—Hoërskool Petrusburg.

   Uniform.

   Blazer.—On a dark blue background, at intervals of 4⅛ inches, a combination of vertical stripes, gold—dark blue—green, respectively ⅛ inch, ⅜ inch and ⅛ inch in width, and the intervening spaces alternately divided by a silver stripe ⅛ inch in width. (H2/1/1604.)

2. *Name.*—North End Grey Primary School, Port Elizabeth.

   Uniform.

   Blazer.—On a dark blue background, at intervals of 1¾ inches, a combination of vertical stripes, orange—silver—orange, respectively $\frac{1}{16}$ inch, ¼ inch and $\frac{1}{16}$ inch in width. (H2/1/1834.)

3. *Naam.*—Reitzpark-Volkskool, Welkom.

Uniform.

Kleurbaadjie.—Op 'n swart agtergrond en met tussenruimtes van $1\frac{3}{4}$ duim, 'n samestelling van vertikale strepe, oranje—wit—groen—wit—oranje, onderskeidelik $\frac{1}{16}$ duim, $\frac{1}{16}$ duim, $\frac{1}{8}$ duim $\frac{1}{16}$ duim en $\frac{1}{16}$ duim breed. (H2/1/887.)

No. 1213.] [20 Augustus 1965.

BURO VIR HERALDIEK.

BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935 (WET No. 23 VAN 1935).

Onderstaande registrasies is by die Buro vir Heraldiek, Pretoria, uitgevoer kragtens die bepalings van bogenoemde Wet en die regulasies soos daaronder uitgevaardig:—

H2/1/224.—Die naam van die Kingswood College, Grahamstown, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 648 van 7 Mei 1965.

H2/1/1072.—Die naam van Henley Midmar Yacht Club, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 648 van 7 Mei 1965.

H2/1/1762.—Die spesiale naam van die Johannesburg Council for Adult Education, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 648 van 7 Mei 1965.

H2/1/1803.—Die naam van The Coffee Growers' Association of South Africa, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 648 van 7 Mei 1965.

H2/1/1463.—Die uniform van die Randfontein High School, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 648 van 7 Mei 1965.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 1208.] [20 Augustus 1965.

DIE WET OP BANTOE-ARBEID, 1964.—GELDE BETAALBAAR IN VOORGESKREWE GEBIEDE.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt-en-twintig* van die Wet op Bantoe-arbeid, 1964 (Wet No. 67 van 1964), die Eerste Bylae van Goewermentskennisgewing No. R. 195 van 12 Februarie 1965 te wysig deur die woorde en syfers „ Steynsrus ..... 10 " en „ Warden ..... 10 " te skrap.

No. 1216.] [20 Augustus 1965.

MUNISIPALITEIT VAN HOFMEYR.

STIGTING VAN BANTOEWOONGEBIED EN BANTOEDORP.

Ek, MICHIEL COENRAAD BOTHA, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, keur hierby goed, namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, kragtens die bevoegdheid hom verleen by paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), dat die stedelike plaaslike bestuur van Hofmeyr, 'n sekere stuk grond, geleë binne die regsgebied van genoemde stedelike plaaslike bestuur en wat in die Bylae hiervan omskryf word, kragtens subartikel (1) *bis* van artikel *twee* van genoemde Wet, as 'n Bantoegebied en Bantoedorp bepaal, afsonder en aanlê.

Goewermentskennisbewing No. 1331 van 5 Augustus 1927 word hierby herroep.

M. C. BOTHA,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

3. *Name.*—Reitzpark-Volkskool, Welkom.

Uniform.

Blazer.—On a black background, at intervals of $1\frac{3}{4}$ inches a combination of vertical stripes, orange—white—green—white—orange, respectively $\frac{1}{16}$ inch, $\frac{1}{16}$ inch, $\frac{1}{8}$ inch, $\frac{1}{16}$ inch and $\frac{1}{16}$ inch in width. (H2/1/887.)

No. 1213.] [20 August 1965.

BUREAU OF HERALDRY.

PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935 (ACT No. 23 OF 1935).

The following registrations have been effected with the Bureau of Heraldry, Pretoria, in terms of the above-mentioned Act and the regulations published thereunder:—

H2/1/224.—The name of the Kingswood College, Grahamstown, as published by Government Notice No. 648 of 7th May, 1965.

H2/1/1072.—The name of the Henley Midmar Yacht Club, as published by Government Notice No. 648 of 7th May, 1965.

H2/1/1762.—The special name of the Johannesburg Council for Adult Education, as published by Government Notice No. 648 of 7th May, 1965.

H2/1/1803.—The name of The Coffee Growers' Association of South Africa, as published by Government Notice No. 648 of 7th May, 1965.

H2/1/1463.—The uniform of the Randfontein High School, as published by Government Notice No. 648 of 7th May, 1965.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 1208.] [20 August 1965.

BANTU LABOUR ACT, 1964.—FEES PAYABLE IN PRESCRIBED AREAS.

The State President has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section *twenty-eight* of the Bantu Labour Act, 1964 (Act No. 67 of 1964), to amend the First Schedule to Government Notice No. R. 195 of the 12th February, 1965, by the deletion of the words and figures " Steynrus ..... 10 " and " Warden ..... 10 ".

No. 1216.] [20 August 1965.

MUNICIPALITY OF HOFMEYR.

ESTABLISHMENT OF BANTU RESIDENTIAL AREA AND BANTU VILLAGE.

I, MICHIEL COENRAAD BOTHA, Deputy-Minister of Bantu Administration and Development, do hereby approve, on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development, under the powers vested in him by paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), the defining, setting apart and laying out by the urban local authority of Hofmeyr as a Bantu residential area and Bantu village, of a certain area of land, situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and described in the Schedule hereto, in terms of sub-section (1) *bis* of section *two* of the said Act.

Government Notice No. 1331 of the 5th August, 1927, is hereby repealed.

M. C. BOTHA,
Deputy-Minister of Bantu Administration and Development.

BYLAE.

Erf No. 311, 'n gedeelte van Erf No. 29, Hofmeyr, groot 116·2308 morg, soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmeter-generaal onder No. 8482/63 goedgekeur is.

Verwysingsnommer A. 19/1274.]

No. 1217.] [20 Augustus 1965.

MUNISIPALITEIT VAN CLOCOLAN.—STIGTING VAN BANTOEWOONGEBIED EN BANTOEDORP.

Ek, MICHIEL COENRAAD BOTHA, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, keur hierby goed, namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, kragtens die bevoegdheid hom verleen by paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), dat die stedelike plaaslike bestuur van Clocolan, 'n sekere stuk grond, geleë binne die regsgebied van genoemde stedelike plaaslike bestuur en in die Bylae hiervan omskryf, kragtens subartikel (1) *bis* van artikel *twee* van genoemde Wet, as 'n Bantoewoongebied en Bantoedorp bepaal, afsonder en aanlê.

Goewermentskennisgewing No. 1883 van 12 September 1947 word hierby herroep.

M. C. BOTHA,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

BYLAE.

'n Gedeelte van Clocolan-dorpsgronde No. 40, groot 549·2909 morg, soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmeter-generaal onder No. 1147/1964 goedgekeur is. Die gedeelte van die Ladybrand-Marquardpad wat genoemde stuk grond deurkruis, word van die terrein aldus bepaal, afgesonder en aangelê, uitgesluit.

Verwysingsnommer A.19/1127.

No. 1218.] [20 Augustus 1965.

MUNISIPALITEIT VAN KIRKWOOD.—STIGTING VAN BANTOEWOONGEBIED EN BANTOEDORP.

Ek, MICHIEL COENRAAD BOTHA, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, keur hierby goed, namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), dat die stedelike plaaslike bestuur van Kirkwood 'n sekere stuk grond, geleë binne die regsgebied van genoemde stedelike plaaslike bestuur en in die Bylae hiervan omskryf, kragtens subartikel (1) *bis* van artikel *twee* van genoemde Wet, as 'n Bantoewoongebied en Bantoedorp bepaal, afsonder en aanlê.

Goewermentskennisgewing No. 1122 van 26 Julie 1963 word hierby herroep.

M. C. BOTHA,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

BYLAE.

Gedeelte No. 250 van Strathsomers-landgoed met uitsluiting van die Enonpad en gebied suidoos daarvan, groot ongeveer 201·2942 morg, soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmeter-generaal onder No. 1153/1939 goedgekeur is. Verwysingsnommer A.19/1333.

SCHEDULE.

Erf No. 311, a portion of Erf No. 29, Hofmeyr, measuring 116·2308 morgen, as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under No. 8482/63.

Reference No. A. 19/1274.]

No. 1217.] [20 August 1965.

MUNICIPALITY OF CLOCOLAN.—ESTABLISHMENT OF BANTU RESIDENTIAL AREA AND BANTU VILLAGE.

I, MICHIEL COENRAAD BOTHA, Deputy-Minister of Bantu Administration and Development, do hereby approve, on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development, under the powers vested in him by paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), the defining, setting apart and laying out by the urban local authority of Clocolan as a Bantu residential area and Bantu village, of a certain area of land, situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and defined in the Schedule hereto, in terms of sub-section (1) *bis* of section *two* of the said Act.

Government Notice No. 1883 of 12th September, 1947, is hereby repealed.

M. C. BOTHA,
Deputy-Minister of Bantu Administration and Development.

SCHEDULE.

A portion of Clocolan Townlands No. 40, measuring 549·2909 morgen, as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under No. 1147/1964. The portion of the Ladybrand-Marquard road traversing the said area of land is excluded from the area thus defined, set apart and laid out. Reference No. A.19/1127.

No. 1218.] [20 August 1965.

MUNICIPALITY OF KIRKWOOD.—ESTABLISHMENT OF BANTU RESIDENTIAL AREA AND BANTU VILLAGE.

I, MICHIEL COENRAAD BOTHA, Deputy-Minister of Bantu Administration and Development, do hereby approve, on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development, under the powers vested in him by paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), the defining, setting apart and laying out by the urban local authority of Kirkwood as a Bantu residential area and Bantu village, of a certain area of land, situated within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and described in the Schedule hereto, in terms of sub-section (1) *bis* of section *two* of the said Act.

Government Notice No. 1122 of 26th July, 1963, is hereby repealed.

M. C. BOTHA,
Deputy-Minister of Bantu Administration and Development.

SCHEDULE.

Portion No. 250 of Strathsomers Estate, with the exclusion of the Enon road and area south-east thereof, approximately 201·2942 morgen in extent, as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under No. 1153/1939. Reference No. A.19/1333.

No. 1231.] [20 Augustus 1965.

DIPBELASTING.—LEGOGOTE NSIKAZISTREEKSOWERHEID—GEBIED BOSBOKRAND, DISTRIK WITRIVIER.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *vyf* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die maatreëls in bygaande Bylae wat deur die Legogote Nsikazistreeksowerheid, soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 1826 van 2 November 1962, kragtens genoemde subartikel (2) van artikel *vyf* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951, uitgevaardig is.

BYLAE.

MAATREËLS VAN DIE LEGOGOTE NSIKAZISTREEKSOWERHEID.—DIPBELASTING.

1. Elke Bantoe wat in die gebied van die Legogote Nsikazistreeksowerheid woonagtig is en in sodanige gebied beeste besit of onder sy toesig het, moet vir die dipdienste wat deur daardie streeksowerheid beskikbaar gestel word, 'n belasting van vyftien sent betaal vir elke bees bo die ouderdom van ses maande wat op die dag waarop sodanige belasting verskuldig is, in sy besit of onder sy toesig is.

2. Die belasting gehef kragtens artikel *een* van hierdie maatreëls is verskuldig op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1965 en daarna op die eerste dag van Oktober van elke daaropvolgende jaar en moet by die kantoor van die Legogote Nsikazistreeksowerheid betaal word.

3. 'n Persoon wat nie aan die bepalings van artikel *een* van hierdie maatreëls onderworpe is nie en wat beeste in 'n dipbak onder beheer van die Legogote Nsikazistreeksowerheid wil dip, moet vooruit 'n bedrag van twee en 'n half sent betaal ten opsigte van elke bees wat hy wil dip. Alvorens sodanige persoon sodanige dipbak mag gebruik om beeste te dip, moet hy aan die persoon wat deur die streeksowerheid aangewys is om beheer oor die dip van beeste in die betrokke dipbak uit te oefen, bewys lewer dat hy sodanige bedrag betaal het.

No. 1231.] [20 August 1965.

DIPPING RATE.—LEGOGOTE NSIKAZI REGIONAL AUTHORITY—BOSBOKRAND AREA, DISTRICT OF WHITE RIVER.

The State President has been pleased in terms of the powers vested in him by sub-section (2) of section *five* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), as amended, to approve the enactments in the accompanying Schedule which have been made by the Legogote Nsikazi Regional Authority, as made known by Government Notice No. 1826 of 2nd November, 1962, in terms of the said sub-section (2) of section *five* of the Bantu Authorities Act, 1951.

SCHEDULE.

ENACTMENTS OF THE LEGOGOTE NSIKAZI REGIONAL AUTHORITY.—DIPPING RATE.

1. Each Bantu who is resident in the area of the Legogote Nsikazi Regional Authority and owns cattle or has cattle under his supervision in such area, shall, in respect of the dipping services made available by that Regional Authority, pay a rate of fifteen cents for each head of cattle over the age of six months which is in his possession or under his supervision on the day on which such rate is due.

2. The rate levied in terms of section *one* of these enactments shall be due on the date of publication hereof in respect of the year 1965 and thereafter on the first day of October of each succeeding year and shall be paid at the office of the Legogote Nsikazi Regional Authority.

3. A person who is not subject to the provisions of section *one* of these enactments and who desires to dip cattle in a dipping-tank under the control of the Legogote Nsikazi Regional Authority, shall pay in advance an amount of two and a half cents in respect of each head of cattle which he desires to dip. Before such person may use such dipping-tank for the dipping of cattle he shall prove to the person assigned by the Regional Authority to exercise control over the dipping of cattle in the dipping-tank concerned, that he has paid such amount.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE.

No. 1211.] [20 Augustus 1965.

WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE VAN DIE JERSEY-VEETELERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA.

Kragtens artikel *vyf* van die Wet op Registrasie van Stamboekvee, 1957 (Wet No. 28 van 1957), soos gewysig, maak ek, PIETER MATTHEUS KRUGER LE ROUX, Minister van Landbou-tegniese Dienste, hierby bekend dat ek sekere wysigings van die Konstitusie en Verordeninge van die Jersey-veetelersvereniging van Suid-Afrika met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing goedgekeur het.

P. M. K. LE ROUX,
Minister van Landbou-tegniese Dienste.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES.

No. 1211.] [20 August 1965.

AMENDMENT OF THE CONSTITUTION OF THE JERSEY CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SOUTH AFRICA.

In terms of section *five* of the Registration of Pedigree Livestock Act, 1957 (Act No. 28 of 1957), as amended, I, PIETER MATTHEUS KRUGER LE ROUX, Minister of Agricultural Technical Services, do hereby make known that I have approved certain amendments to the Constitution and By-laws of the Jersey Cattle Breeders' Society of South Africa, with effect from the date of publication of this notice.

P. M. K. LE ROUX,
Minister of Agricultural Technical Services.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 1209.] [20 Augustus 1965.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941, SOOS GEWYSIG.

ONAFGEBROKE WERK.

Ek, ALFRED ERNEST TROLLIP, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens die eerste voorbehoudsbepaling van paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *negentien* van

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1209.] [20 August 1965.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941, AS AMENDED.

CONTINUOUS WORKING.

I, ALFRED ERNEST TROLLIP, Minister of Labour, in terms of the first proviso to paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *nineteen* of the Factories, Machinery and

die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, soos gewysig, dat die bediening van stoomketels by die Pelonomi hospitaal, in die landdrosdistrik Bloemfontein, 'n bedrywigheid is waarin onafgebroke werk deur middel van drie skofte per dag nodig is.

Die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat moet die volgende voorwaardes ten opsigte van werknemers wat sodanige skofte werk, nakom:—

(*a*) 'n Skof moet, met die uitsluiting van oortyd, hoogstens agt uur duur.

(*b*) Daar mag nie van 'n werknemer vereis word of hy mag nie toegelaat word om meer as ses skofte per week te werk nie; met dien verstande dat 'n werkgewer kan vereis of toelaat dat sy werknemer in 'n bepaalde week gedurende enige tydperk van drie agtereenvolgende weke hoogstens sewe skofte werk op voorwaarde dat skofte wat deur enige werknemer gewerk word, gewoonlik deur minstens agt uur onderbreek word; en voorts met dien verstande dat 'n werknemer se gewone werkure gedurende enige sodanige tydperk van drie agtereenvolgende weke nie 144 uur te bowe gaan nie.

(*c*) Behoudens die bepalings van paragraaf (*b*), moet 'n werkgewer aan elkeen van sy werknemers weekliks 'n vry tydperk van minstens vier-en-twintig agtereenvolgende ure toestaan, en waar sodanige vry tydperk aan die einde van 'n week val en onmiddellik gevolg word deur 'n verdere weeklikse vry tydperk ten opsigte van die daaropvolgende week, moet sodanige twee tydperke altesaam minstens 48 agtereenvolgende ure beloop; met dien verstande dat die hele tweede vry tydperk van vier-en-twintig uur geag word ten opsigte van die daaropvolgende week toegestaan te gewees het.

(*d*) As daar in enige week 48 uur gewerk word, moet 'n werknemer vir twee uur teen minstens een en een-derde maal sy gewone loon besoldig word; met dien verstande dat as die gewone werkure gedurende 'n skofsiklus van hoogstens vier weke nie meer as 40 uur per week gedurende drie weke in daardie siklus en meer as 48 uur gedurende een week is nie, geen addisionele besoldiging vir die twee uur betaal hoef te word nie.

(*e*) As 'n skof wat gewerk word, of 'n deel daarvan, op 'n Sondag val, moet 'n werknemer, behoudens die bepalings van paragraaf (*f*), minstens een en 'n half maal sy gewone besoldiging ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag gewerk het, betaal word.

(*f*) As daar van 'n werknemer vereis word of hy toegelaat word om gedurende sy weeklikse vry tydperk te werk, moet hy minstens twee maal sy gewone besoldiging ten opsigte van die tyd wat hy gedurende sodanige tydperk gewerk het, betaal word, met dien verstande dat hy minstens twee maal sy gewone besoldiging wat betaalbaar is ten opsigte van 'n skof wat hy gewoonlik op 'n weekdag werk, betaal moet word; en voorts met dien verstande dat, ten opsigte van enige tyd wat hy werk gedurende dié weeklikse vry tydperk van hom wat op 'n Sondag of 'n openbare feesdag genoem in artikel *twintig* (3) van die Wet, val, besoldiging slegs ooreenkomstig hierdie voorwaarde betaal hoef te word.

(*g*) Vir die doel van hierdie kennisgewing hoef geen oortyd bo en behalwe die spesiale besoldiging wat in paragrawe (*e*) en (*f*) voorgeskryf word, aan 'n werknemer betaal te word nie vir werk wat hy op 'n Sondag of gedurende sy weeklikse vry tydperk verrig.

(*h*) Voor die aanvang van elke skofsiklus moet 'n werkgewer op 'n opvallende plek in sy perseel 'n kennisgewing of rooster opplak waarin die skofte wat elke werknemer gedurende die daaropvolgende skofsiklus sal moet werk en die vry tydperk van elke werknemer gemeld word. As geen sodanige rooster of kennisgewing vertoon word nie, word die vry

Building Work Act, 1941, as amended, hereby declare the attendance on boilers as carried on at the Pelonomi hospital, in the Magisterial District of Bloemfontein, to be an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

The Provincial Administration of the Orange Free State shall, in respect of employees engaged on such shifts, observe the following conditions:—

(*a*) A shift shall consist of not more than eight hours, excluding overtime.

(*b*) An employee shall not be required or permitted to work more than six shifts per week; provided that an employer may require or permit his employee to work not more than seven shifts in any one week during any period of three consecutive weeks on condition that shifts worked by any employee shall normally be interrupted by not less than eight hours; and provided further that the ordinary hours of work of an employee shall not exceed 144 hours during any such period of three consecutive weeks.

(*c*) Save as is provided in paragraph (*b*), an employer shall grant to each of his employees a weekly free period of not less than twenty-four consecutive hours and where such free period falls at the end of a week and is followed immediately by a further weekly free period in respect of the following week, such two periods shall together be not less than 48 consecutive hours; provided that the whole of the second free period of twenty-four hours shall be deemed to have been granted in respect of the ensuing week.

(*d*) Should 48 hours be worked in any week, two hours shall be paid for at the rate of not less than one and one-third times the employee's ordinary rate of remuneration; provided that if the ordinary hours of work during a shift cycle of not more than four weeks do not exceed 40 hours per week during three weeks in that cycle and 48 hours during one week, no additional payment for the two hours need be made.

(*e*) Should any of the shifts worked, or part thereof, fall on a Sunday, an employee shall subject to the provisions of paragraph (*f*), be paid not less than one and one-half times his ordinary remuneration in respect of the total period worked by him on such Sunday.

(*f*) Should an employee be required or permitted to work during his weekly free period, he shall be paid not less than double his ordinary remuneration in respect of the time worked during such period, provided that he shall be paid not less than double his ordinary remuneration payable in respect of a shift ordinarily worked by him on a week-day; provided further that in respect of any time worked during the weekly free period which falls on a Sunday or Public Holiday referred to in section *twenty* (3) of the Act, payment need only be made in terms of this condition.

(*g*) For the purposes of this notice work performed on a Sunday or during an employee's weekly free period shall not attract payment for overtime over and above the special remuneration prescribed in paragraphs (*e*) and (*f*).

(*h*) An employer shall prior to the commencement of each shift cycle display prominently on his premises a notice or time-table indicating the shifts which each employee will be required to work during the ensuing shift cycle and the free period of each employee. If no such notice or time-table is displayed the free period of an employee shall be

tydperk van 'n werknemer geag te begin om middernag op Saterdag. Bogenoemde rooster of kennisgewing moet vir 'n tydperk van drie jaar na die datum wat op sodanige stuk voorkom, deur die werkgewer bewaar word en moet op versoek van 'n inspekteur te eniger tyd vir insae beskikbaar gestel word.

(*i*) Werknemers moet toegelaat word om maaltye of verversings gedurende hul werkure te nuttig, tensy hulle uit hoofde van 'n kennisgewing wat ingevolge artikel *sewe-en-twintig* van die Wet afgekondig is, belet word om dit te doen.

A. E. TROLLIP,
Minister van Arbeid.

No. 1210.] [20 Augustus 1965.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—BROOD- EN BANKETNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bovermelde nywerheid ontvang en gee kragtens artikel *nege* van die Loonwet, 1957, kennis dat hierdie ondersoek begin het en dat die Raad te gelegener tyd verslag sal doen oor en 'n aanbeveling by die Minister van Arbeid sal indien betreffende die Brood- en Banketnywerheid in sekere gebiede.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë tot die Raad te rig. Sodanige vertoë, saam met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak 108, Pretoria, voor of op 20 September 1965 bereik.

Die opdrag lui soos volg:—

„Die Minister van Arbeid versoek die Loonraad ooreenkomstig artikel *vier* van die Loonwet, 1957, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor die brood- en banketnywerheid in die munisipale gebiede van Barkly-Wes, Bloemfontein, Howick en Kimberley, die dorpsraadgebied van Richmond (Natal) en die landdrosdistrik Pietermaritzburg.

Vir die doel van hierdie ondersoek gee die Minister opdrag dat die ondersoek ingestel moet word ten opsigte van alle klasse werknemers in dié nywerheid.

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *ses* van die Wet gee die Minister voorts aan die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

In hierdie opdrag beteken—

, brood- en banketnywerheid ', die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is in bedryfsinrigtings wat geregistreer is of aan registrasie ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, onderworpe is vir die vervaardiging of maak van brood of banket, of albei, vir verkoop, en omvat dit die distribusie deur sodanige werkgewers van brood of banket, of albei, en omvat verder alle werksaamhede wat met enigeen van voornoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit;

, brood ', sonder om die gewone betekenis daarvan te beperk, ook bolletjies, rolle en luukse-brood;

, banket ', sonder om die gewone betekenis daarvan te beperk, ook kitkes, koek, soetgebak, beskuit, pasteitjies, pasteie, worsrolletjies, botterbroodjies, korentebrood, oliebolle, mosbolletjies en enige ander goedere wat deur middel van suurdeeg gerys is, uitgesonderd brood, maar omvat nie wafels, roomyswafels of keëls, honde- of jonghondebeskuit, pretzelstokkies of matzos nie."

deemed to commence at midnight on Saturday. The time-table or notice referred to above shall be retained by the employer for a period of three years subsequent to the date appearing on such record and shall on demand by an inspector be made available for inspection at any time.

(*i*) Employees shall be permitted to partake of meals or refreshments during working hours unless prohibited from doing so by virtue of any notice published in terms of section *twenty-seven* of the Act.

A. E. TROLLIP,
Minister of Labour.

No. 1210.] [20 August 1965.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—BREAD AND CONFECTIONERY INDUSTRY, CERTAIN AREAS.

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned industry and notifies in terms of section *nine* of the Wage Act, 1957, that the investigation has commenced and that the Board will in due course report and submit a recommendation to the Minister of Labour concerning the bread and confectionery industry in certain areas.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag 108, Pretoria, not later than the 20th September, 1965.

The reference reads as follows:—

"The Minister of Labour requests the Wage Board, in terms of section *four* of the Wage Act, 1957, to investigate and report to him concerning the bread and confectionery industry in the Municipal Areas of Barkly-West, Bloemfontein, Howick and Kimberley, the Town Board Area of Richmond (Natal) and the Magisterial District of Pietermaritzburg.

For the purpose of this investigation the Minister directs that the investigation shall be in respect of all classes of employees in this industry.

In terms of sub-section (1) of section *six* of the Act, the Minister further directs the Board to submit to him a recommendation.

In this reference—

'bread and confectionery industry', means the industry in which employers and employees are associated in establishments which are registered or liable for registration in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, for the manufacture or making of bread or confectionery or both for sale, and includes the distribution by such employers of bread or confectionery or both, and further includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities;

'bread', without limiting its ordinary meaning, includes buns, rolls and fancy bread;

'confectionery', without limiting its ordinary meaning includes kitkes, cakes, pastries, rusks, pasties, pies, sausage rolls, scones, currant bread, doughnuts, mosbolletjies and any other yeast-raised goods, other than bread, but does not include wafers, ice-cream wafers or cones, dog or puppy biscuits, pretzel sticks or matzos."

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 1214.] [20 Augustus 1965.

(A) INSTELLING VAN DIE DISTRIK CULLINAN;

(B) HEROMSKRYWING VAN DIE PLAASLIKE GRENSE VAN DIE DISTRIK BRONKHORSTSPRUIT; EN

(C) DIE AFSKAFFING VAN DIE HOF OP SUSTERSHOEK IN DIE DISTRIK BRONKHORSTSPRUIT EN DIE INSTELLING VAN 'N HOF OP SUSTERSHOEK IN DIE DISTRIK CULLINAN.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragrawe (*a*), (*b*), (*d*), (*e*) en (*h*) van artikel *twee* van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), soos gewysig, en na verkryging van 'n verslag van die Staatsdienskommissie ingevolge subartikel (3) van artikel *drie* van genoemde Wet gee ek, BALTHAZAR JOHANNES VORSTER, Minister van Justisie, hierby kennis dat ek met ingang van 1 September 1965—

(*a*) (i) 'n distrik instel wat as die distrik Cullinan, Provinsie Transvaal, bekend sal staan;

(ii) die plaaslike grense van genoemde distrik omskryf soos in Bylae A van hierdie kennisgewing uiteengesit;

(iii) 'n hof vir daardie distrik instel; en

(iv) Cullinan aanwys as 'n plek binne daardie distrik waar hofsittings gehou kan word;

(*b*) die plaaslike grense van die distrik Bronkhorstspruit, Provinsie Transvaal, heromskryf soos in Bylae B van hierdie kennisgewing uiteengesit;

(*c*) Sustershoek, in die distrik Cullinan, Provinsie Transvaal, aanwys as 'n plek waar hofsittings, benewens, Cullinan, die landdrossetel, in gemelde distrik gehou kan word; en

(*d*) Proklamasie No. 104 van 1937 en Goewermentskennisgewings Nos. 779 van 1950 en 1376 van 1963 intrek en Proklamasies Nos. 54 van 1945 en 46 van 1945, soos gewysig, wysig.

B. J. VORSTER,
Minister van Justisie.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 1214.] [20 August 1965.

(A) ESTABLISHMENT OF THE DISTRICT OF CULLINAN;

(B) REDEFINITION OF THE LOCAL LIMITS OF THE DISTRICT OF BRONKHORSTSPRUIT; AND

(C) THE ABOLITION OF THE COURT AT SUSTERSHOEK, IN THE DISTRICT OF BRONKHORSTSPRUIT AND THE ESTABLISHMENT OF A COURT AT SUSTERSHOEK, IN THE DISTRICT OF CULLINAN.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraphs (*a*), (*b*), (*d*), (*e*) and (*h*) of section *two* of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), as amended, and after obtaining a report in terms of subsection (3) of section *three* of the said Act from the Public Service Commission, I, BALTHAZAR JOHANNES VORSTER, Minister of Justice, hereby give notice that with effect from the 1st September, 1965, I—

(*a*) (i) create a district to be known as the District of Cullinan, Province of Transvaal;

(ii) define the local limits of the said district to be as set out in Schedule A to this notice;

(iii) establish a court for such district; and

(iv) appoint Cullinan as a place within that district for the holding of a court;

(*b*) redefine the local limits of the District of Bronkhorstspruit, Province of Transvaal, as set out in Schedule B to this notice;

(*c*) appoint Sustershoek, in the District of Cullinan, Province of Transvaal, as a place for the holding of court for that district, in addition to Cullinan, the seat of magistracy; and

(*d*) withdraw Proclamation No. 104 of 1937 and Government Notices Nos. 779 of 1950 and 1376 of 1963 and amend Proclamations Nos. 54 of 1945 and 46 of 1945, as amended.

B. J. VORSTER,
Minister of Justice.

DEPARTEMENT VAN TOERISME.

No. 1229.] [20 Augustus 1965.

AANSTELLING VAN VOORSITTER EN LEDE VAN DIE HOTELRAAD.

1. Dit het die Staatspresident behaag om, ingevolge die bepalings van artikel *vyf* van die Wet op Hotelle, 1965 (Wet No. 70 van 1965) die volgende persone aan te stel as lede van die Hotelraad vir 'n tydperk van twee (2) jaar vanaf 1 September 1965:—

(*a*) Barry Sluyter Wiehahn;

(*b*) Die Sekretaris van Toerisme;

(*c*) Die Voorsitter van die Nasionale Drankraad;

(*d*) Die Voorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid;

(*e*) Hendrik B. Venter.

(*f*) Cyril William Fraser; en

(*g*) Anatole Urbaniak.

2. Dit het die Staatspresident verder behaag om genoemde Barry Sluyter Wiehahn ingevolge subartikel (1) van artikel *sewe* van genoemde Wet aan te wys as Voorsitter van genoemde Hotelraad vir 'n tydperk van twee (2) jaar vanaf 1 September 1965.

DEPARTMENT OF TOURISM.

No. 1229.] [20 August 1965.

APPOINTMENT OF CHAIRMAN AND MEMBERS OF THE HOTEL BOARD.

1. The State President has been pleased in terms of the provisions of section *five* of the Hotels Act, 1965 (Act No. 70 of 1965), to appoint the following persons as members of the Hotel Board for a period of two (2) years as from 1 September, 1965:—

(*a*) Barry Sluyter Wiehahn;

(*b*) The Secretary for Tourism;

(*c*) The Chairman of the National Liquor Board;

(*d*) The Chairman of the Board of Trade and Industries;

(*e*) Hendrik B. Venter;

(*f*) Cyril William Fraser; and

(*g*) Anatole Urbaniak.

2. The State President has further been pleased in terms of thee provisions of sub-section (1) of section *seven* of the said Act to designate the said Barry Sluyter Wiehahn as Chairman of the said Hotel Board for a period of two (2) years as from 1 September, 1965.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

KENNISGEWING No. 450 VAN 1965.

KENNISGEWING INGEVOLGE SUBARTIKEL (3) VAN ARTIKEL *NEGENTIEN* VAN DIE WET OP DIE ONTWIKKELING VAN GROEPSGEBIEDE, 1955 (WET No. 69 VAN 1955), SOOS GEWYSIG, AAN EIENAARS EN VERBANDHOUERS WIE SE ADRESSE ONBEKEND IS.

Eienaars van en verbandhouers oor die onderstaande eiendomme word hierby in kennis gestel dat die basiese waarde daarvan finaal bepaal is soos aangeteken teenoor die betrokke eiendom in die Bylae tot hierdie kennisgewing.

GENERAL NOTICES.

NOTICE No. 450 OF 1965.

NOTICE IN TERMS OF SUB-SECTION (3) OF SECTION *NINETEEN* OF THE GROUP AREAS DEVELOPMENT ACT, 1955 (ACT No. 69 OF 1955), AS AMENDED, TO OWNERS AND MORTGAGEES WHOSE ADDRESSES ARE NOT KNOWN.

Owners of and mortgagees over the undermentioned properties are hereby notified that the basic values thereof have been finally determined as indicated in the Schedule to this notice.

BYLAE.—*SCHEDULE.*

Beskrywing van eiendom. *Description of Property.*	Grootte. *Extent.*	Finale basiese waarde. *Final Basic Value.*	Eienaars. *Owners.*
		R	
Perseel/*Erf* No. 855 van/*of* Newcastle	1 acre	208	Jacobus Basket.
Perseel/*Erf* No. 870 van/*of* Newcastle	1 acre	140	Adolph Schuman.
Perseel/*Erf* No. 879 van/*of* Newcastle	1 acre	210	Lydia Jane Ince.
Perseel/*Erf* No. 933 van/*of* Newcastle	1 acre	294	Boedel wyle/*Estate late* Albert Nkosi.
Ond./*Sub.* 3 van/*of* Perseel/*Erf* No. 945 van/*of* Newcastle	1 acre	188	Meshack Maseko.
Perseel/*Erf* No. 962 van/*of* Newcastle	1 acre	250	Lucas Mdakane.
Perseel/*Erf* No. 1023 van/*of* Newcastle	1 acre	380	Harry Msomi.
Perseel/*Erf* No. 1024 van/*of* Newcastle	1 acre	430	Harry Msomi.
Perseel/*Erf* No. 1028 van/*of* Newcastle	1 acre	310	Alfred Xulu.
Perseel/*Erf* No. 1030 van/*of* Newcastle	1 acre	320	Johannes Sibiya.
Perseel/*Erf* No. 1138 van/*of* Newcastle	4 acres 7·96 pcs	1,460	Meraka Kubheka.
Ond./*Sub.* B van/*of* Perseel/*Erf* No. 1144 van/*of* Newcastle	2 acres 1·19 pcs	425	Ankadu en Veerasamy Chengeni.
Perseel/*Erf* No. 1193 van/*of* Newcastle	2 acres 0·22 pcs	1,190	Boedel wyle/*Estate late* Mainawa, Ramkhelawan, Ramdeyal, Narainden, Bhangwandin, Jeeka, Lalbram, Simrayka, Budhiya.

13-20-27

KENNISGEWING No. 455 VAN 1965.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.—PORT ELIZABETH.

Aan die persone soos aangedui in die onderstaande Bylae, wie se adresse onbekend is, en aan alle belanghebbende partye.

Geliewe kennis te neem dat nademaal u, na die wete van die Gemeenskapsontwikkelingsraad ingestel by artikel *twee* van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling van 1955 (Wet No. 69 van 1955, soos gewysig deur Wet No. 44 van 1965), die geregistreerde eienaars/mede-eienaars is van sekere onroerende eiendomme, beskryf in die Bylae, en nademaal genoemde eiendomme vir genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad nodig is ten einde die oogmerke waarvoor die Raad ingestel is te bereik;

En nademaal die Minister van Gemeenskapsbou kragtens die bepalings van paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *vier-en-twintig* van die genoemde Wet op 4 Maart 1964 die onteiening van genoemde eiendomme goedgekeur het;

Neem kennis dat genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad hierby genoemde eiendomme onteien vanaf die datum van besorging van hierdie kennisgewing; en

NOTICE No. 455 OF 1965.

NOTICE OF EXPROPRIATION.—PORT ELIZABETH.

To the persons, in accordance with the undermentioned Schedule, whose addresses are unknown, and to all other interested parties.

Please take notice that whereas to the knowledge of the Community Development Board established under section *two* of the Community Development Act (Act No. 69 of 1955, as amended by Act No. 44 of 1965), you are the registered owners/co-owners of certain immovable properties, described in the Schedule and whereas the said properties are required by the said Community Development Board in order to achieve the objects for which the said Board was established;

And whereas the Minister of Community Development has in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *twenty-four* of the said Act on 4th March, 1964, approved of the expropriation of the said properties;

Now, therefore, take notice that the said Community Development Board hereby expropriates the said properties with effect from the date of service of this notice; and

Word u hierby versoek om die bedrag wat u ten opsigte van genoemde eiendomme eis, te noem en moet u binne 30 dae na besorging hiervan, of binne so 'n verdere tydperk as wat die Gemeenskapsontwikkelingsraad mag toelaat, aan ondergetekende lewer of laat lewer—

(*a*) 'n skriftelike verklaring waarin die bedrag van vergoeding (as daar is) wat u vir die onroerende eiendomme hierin beskryf, eis, uiteengesit word;

(*b*) die stukke wat u titelbewys op die onroerende eiendomme uitmaat, indien dit in besit of onder u beheer is; en

(*c*) indien genoemde stukke nie in u besit of onder u beheer is nie, 'n lys deur u onderteken van genoemde stukke, met vermelding van die registrasienommers en datums daarvan en die name en adresse van die persone in wie se besit of onder wie se beheer daardie stukke is en die registrasienommers en datums van verbande oor die onroerende eiendomme (as daar is) en die name en adresse van die houers daarvan.

Neem verder kennis dat die eiendomsreg op die onroerende eiendomme hierin beskryf, by besorging hiervan oorgaan op die Raad en die Raad na verstryking van 'n tydperk van minstens drie maande na die datum van besorging hiervan genoemde eiendomme in besit kan neem.

Gedateer te Port Elizabeth, op hede die 3de dag van Augustus 1965.

J. H. NIEMAND,
Sekretaris van Gemeenskapsbou.

Die Streekverteenwoordiger,
Departement van Gemeenskapsbou,
Privaatsak 6024,
Port Elizabeth.

BYLAE.

Beskrywing van eiendom.	*Geregistreerde eienaar.*
1. Erf No. 389, geleë te Jacksonstraat, Korsten, in die Munisipaliteit en Afdeling Port Elizabeth, groot 18 vierkante roedes 12 vierkante voet	Sarah Mzilili (gebore Mzilili), weduwee.
2. Erf No. 390, geleë te Jacksonstraat, Korsten, in die Munisipaliteit en Afdeling Port Elizabeth, groot 18 vierkante roedes 12 vierkante voet	(1) Greek Toyi; (2) Christopher Columbus Bonakele Toyi; (3) Grace Toyi; (4) Jackie Toyi.
3. Erf No. 396, geleë te Daisystraat, Korsten, in die Munisipaliteit en Afdeling Port Elizabeth, groot 18 vierkante roede 12 vierkante voet	Ephraim Gqokoma.
4. Erf No. 847, geleë te Springstraat, Korsten, in die Munisipaliteit en Afdeling Port Elizabeth, groot 5,000 vierkante voet	Eliza Letitia Rivexu.
5. Erf No. 975, geleë te Arnoldstraat, Korsten, in die Munisipaliteit en Afdeling Port Elizabeth, groot 17 vierkante roedes 72 vierkante voet	George Jawala.
6. Erf No. 1433, geleë te Morrisstraat, Korsten, in die Munisipaliteit en Afdeling Port Elizabeth, groot 34 vierkante roedes 104 vierkante voet	(1) Sheila Vuyelwa Nobantu Mtembu (een-vierde aandeel); (2) Leopold Osborne Mxobsi Mtembu (een-vierde aandeel); (3) Tennyson Ludumo Mtembu (een-vierde aandeel); (4) Ezra Ogilvie Wonga Mtembu (een-vierde aandeel).

You are hereby invited to state the amounts claimed by you for the said properties and you are further required to deliver, or cause to be delivered to the undersigned within 30 days from the date of service hereof, or within such further period as the Community Development Board may allow—

(*a*) a statement, in writing, setting forth the amount of compensation, of any, claimed for the immovable properties described herein;

(*b*) your documents of title to the immovable properties if these are in your possession or under your control;

(*c*) if the said documents are not in your possession or under your control, a list, signed by you, of the said documents, setting forth the registration numbers and dates thereof and the names and addresses of the persons in whose possession or under whose control these documents are and the registration numbers and dates of mortgage bonds, if any, on the immovable properties and the names and addresses of the holders thereof.

Further take notice that the ownership in the immovable properties described herein shall pass to the said Board upon the date of service hereof and the Board may, after the expiry of a period of not less than three months from the date of service hereof, take possession of the said properties.

Dated at Port Elizabeth on this the 3rd day of August, 1965.

J. H. NIEMAND.
Secretary for Community Development.

The Regional Representative,
Department of Community Development,
Private Bag 6024,
Port Elizabeth.

SCHEDULE.

Description of Property.	*Registered Owner.*
1. Erf No. 389, situate at Jackson Street, Korsten, in the Municipality and Division of Port Elizabeth, measuring 18 square roods 12 square feet	Sarah Mzilili (born Mzilili), widow.
2. Erf No. 390, situate at Jackson Street, Korsten, in the Municipality and Division of Port Elizabeth, measuring 18 square roods 12 square feet	(1) Greek Toyi; (2) Christopher Columbus Bonakele Toyi; (3) Grace Toyi; (4) Jackie Toyi.
3. Erf No. 396, situate at Daisy Street, Korsten, in the Municipality and Division of Port Elizabeth, measuring 18 square roods 12 square feet	Ephraim Gqokoma.
4. Erf No. 847, situate at Spring Street, Korsten, in the Municipality and Division of Port Elizabeth, measuring 5,000 square feet	Eliza Letitia Rivexu.
5. Erf No. 975, situate at Arnold Street, Korsten, in the Municipality and Division of Port Elizabeth, measuring 17 square roods 72 square feet	George Jawala.
6. Erf No. 1433, situate at Morris Street, Korsten, in the Municipality and Division of Port Elizabeth, measuring 34 square roods 104 square feet	(1) Sheila Vuyelwa Nobantu Mtumbu (one-fourth share); (2) Leopold Osborne Mxobsi Mtembu (one-fourth share); (3) Tennyson Ludumo Mtembu (one-fourth share); (4) Ezra Ogilvie Wonga Mtembu (one-fourth share).

13-20-27

KENNISGEWING No. 459 VAN 1965.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N VAKVERENIGING.

Ek, Johan Gert Hendrik Botha, Nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens subartikel (2) van artikel *vier*, soos toegepas by subartikel (5) van artikel *sewe* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, bekend dat 'n

NOTICE No. 459 OF 1965.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF A TRADE UNION.

I, Johan Gert Hendrik Botha, Industrial Registrar, hereby give notice, in terms of sub-section (2) of section *four* as applied by sub-section (5) of section *seven*, of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, that an

aansoek om verandering van die registrasiebestek van die South African Electrical Workers' Association, waarvan besonderhede in bygaande tabel voorkom, deur my ontvang is.

Enige geregistreerde vakvereniging wat beswaar teen so 'n verandering het, word hierby versoek om sodanige beswaar binne een maand vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik aan my, p/a die Departement van Arbeid, Laboriagebou, hoek van Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria, voor te lê.

TABEL.

Naam van vakvereniging	South African Electrical Workers' Association.
Datum waarop aansoek gedien is	22 Julie 1965.
Belange ten opsigte waarvan aansoek gedoen word	Blankes werksaam as elektrisiëns in die Oplospulpvervaardigingsnywerheid. „Oplospulpvervaardigingsnywerheid" beteken die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die produksie van daardie tipe gebleikte chemiese pulp wat hoofsaaklik gebruik word vir die vervaardiging van viskose rayon en ook vir ander chemies veranderde sellulose produkte, in teenstelling met pulp wat hoofsaaklik vir die papier- en bordvervaardigersnywerheid gebruik word.
Gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word	Die landdrosdistrik Umzinto.
Posadres van applikant	Posbus 9692, Johannesburg.
Kantooradres van appliant	Fraserstraat 21, Johannesburg.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikels *vier* en *sewe* van die Wet: —

(*a*) Die mate waarin 'n beswaarmakende vakvereniging verteenwoordigend is, moet ingevolge subartikel (4) van artikel *vier* soos toegepas by subartikel (5) van artikel *sewe*, bepaal word volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, mag alleen lede wat ingevolge subartikel (2) van artikel *een* van die Wet op voormelde datum volwaardig was, in aanmerking geneem word.

(*b*) Die prosedure soos voorgeskryf by subartikel (2) van artikel *vier* moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

J. G. H. BOTHA,
Nywerheidsregistrateur.

KENNISGEWING No. 460 VAN 1965.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N VAKVERENIGING.

Ek, Johan Gert Hendrik Botha, Nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens subartikel (2) van artikel *vier*, soos toegepas by subartikel (5) van artikel *sewe*, van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, bekend dat 'n aansoek om verandering van die registrasiebestek van die Amalgamated Engineering Union of South Africa waarvan besonderhede in bygaande tabel voorkom, deur my ontvang is.

Enige geregistreerde vakvereniging wat beswaar teen so 'n vergadering het, word hierby versoek om sodanige beswaar binne een maand vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik aan my, p/a die Departement van Arbeid, Laboriagebou, hoek van Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria, voor te lê.

application for a variation of scope of registration of the South African Electrical Workers' Association, particulars of which appear in the subjoined table, has been received by me.

Any registered trade union having objections to such variation, is hereby invited to submit such objections, in writing to me, c/o The Department of Labour, Laboria Building, corner of Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria, within one month of the date of publication of this notice.

TABLE.

Name of trade union	South African Electrical Workers' Association.
Date on which application was lodged	22nd July, 1965.
Interests in respect of which application is made	White persons employed as electricians in the Dissolving Pulp Manufacturing Industry. "Dissolving Pulp Manufacturing Industry" means the Industry in which employers and employees are associated for the production of that type of bleached chemical pulp used primarily for the manufacture of viscose rayon and also for other chemically modified cellulose products as distinct from pulp used primarily for the paper and board manufacturing industry.
Area in respect of which application is made	The Magisterial District of Umzinto.
Postal address of applicant	P.O. Box 9692, Johannesburg.
Office address of applicant	21 Fraser Street, Johannesburg.

Attention is drawn to the following requirements of sections *four* and *seven* of the Act: —

(*a*) The representativeness of any objecting trade union must in terms of sub-section (4) of section *four*, as applied by sub-section (5) of section *seven*, be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged, and as far as membership is concerned only members who were in good standing in terms of sub-section (2) of section *one* of the Act as at the aforesaid date may be taken into consideration.

(*b*) The procedure laid down in sub-section (2) of section *four* must be followed in connection with any objection lodged.

J. G. H. BOTHA,
Industrial Registrar.

NOTICE No. 460 OF 1965.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF A TRADE UNION.

I, Johan Gert Hendrik Botha, industrial Registrar, hereby give notice in terms of sub-section (2) of section *four*, as applied by sub-section (5) of section *seven*, of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, that an application for a variation of scope of registration of the Amalgamated Engineering Union of South Africa particulars of which appear in the subjoined table, has been received by me.

Any registered trade union having objections to such variation, is hereby invited to submit such objections in writing to me, c/o The Department of Labour, Laboria Building, corner of Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria, within one month of the date of publication of this notice.

TABEL.

Naam van vakvereniging	Amalgamated Engineering Union of South Africa.
Datum waarop aansoek ingedien is	21 Julie 1965.
Belange ten opsigte waarvan aansoek gedoen word	Blankes werksaam in die Oplospulpvervaardigingsnywerheid. „Oplospulpvervaardigingsnywerheid" beteken die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die produksie van daardie tipe gebleikte chemiese pulp wat hoofsaaklik gebruik word vir die vervaardiging van viskose rayon en ook vir ander chemies veranderde sellulose produkte, in teenstelling met pulp wat hoofsaaklik vir die papier- en bordvervaardigingsnywerheid gebruik word.
Gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word	Die landdrosdistrik Umzinto.
Posadres van applikant	Posbus 1168, Johannesburg.
Kantooradres van applikant	De Villierstraat 8, Johannesburg.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikels *vier* en *sewe* van die Wet:—

(*a*) Die mate waarin 'n beswaarmakende vakvereniging verteenwoordigend is, moet ingevolge subartikel (4) van artikel *vier* soos toegepas by subartikel (5) van artikel *sewe*, bepaal word volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, mag alleen lede wat ingevolge subartikel (2) van artikel *een* van die Wet op voormelde datum volwaardig was, in aanmerking geneem word.

(*b*) Die prosedure soos voorgeskryf by subartikel (2) van artikel *vier* moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

J. G. H. BOTHA,
Nywerheidsregistrateur.

TABLE.

Name of trade union	Amalgamated Engineering Union of South Africa.
Date of which application was lodged	21st July, 1965.
Interest in respect of which application is made	White persons employed in the Dissolving Pulp Manufacturing Industry. "Dissolving Pulp Manufacturing Industry" means the industry in which employers and employees are associated for the production of that type of bleached chemical pulp used primarily for the manufacture of viscose rayon and also for other chemically modified cellulose products as distinct from pulp used primarily for the paper and board making industries.
Area in respect of which application is made	The Magisterial District of Umzinto.
Postal address of applicant	P.O. Box 1168, Johannesburg.
Office address of applicant	8 De Villiers Street, Johannesburg.

Attention is drawn to the following requirements of sections *four* and *seven* of the Act:—

(*a*) The representativeness of any objecting trade union must in terms of sub-section (4) of section *four*, as applied by sub-section (5) of section *seven*, be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged, and as far as membership is concerned only members who were in good standing in terms of sub-section (2) of section *one* of the Act as at the aforesaid date may be taken into consideration.

(*b*) The procedure laid down in sub-section (2) of section *four* must be followed in connection with any objection lodged.

J. G. H. BOTHA,
Industrial Registrar.

KENNISGEWING No. 461 VAN 1965.

WET OP MATE EN GEWIGTE, No. 13 VAN 1958.

Kragtens artikel *twee-en-twintig* (1) van die Wet op Mate en Gewigte, 1958, gelees met regulasie 3 (1), Deel I van die regulasies ingevolge die Wet, word hierby kennis gegee aan alle persone in die landdrosdistrikte Alberton, Germiston en Kempton Park, wat weeg- en meetinstrumente, gewigte en mate in die handel gebruik, om dit voor te lê vir ondersoek en yking of heryking voor of op 1 Oktober 1965.

Die Ykbeampte sal teenwoordig wees soos aangedui in onderstaande Bylae.

L.W.—Enige persoon mag *skriftelik aansoek* doen om sy weeg- en meetinstrumente op sy perseel te laat yk op voorwaarde dat—

(*a*) sy perseel verder as 12 myl geleë is vanaf die naaste ykpos genoem in onderstaande Bylae, en in so 'n geval mag al sy instrumente, gewigte en mate op sy perseel geyk word;

(*b*) sy weeginstrumente 'n weegvermoë van meer as 300 lb. het, vas is, of van fyngevoelige samestelling is en nie maklik vervoer kan word nie (bv. selfaanwysende skale, outomatiese weërs, ens.);

(*c*) sy meetinstrumente vas is (bv. petrolpompe, -meters, ens.).

Skriftelike aansoeke moet *onverwyld* gerig word aan die Streekyker, Posbus 3556, Johannesburg.

Wanneer instrumente op 'n handelaar se perseel geyk word, word ekstra gelde gevorder.

W. G. THIEL,
Superintendent, Afdeling Mate en Gewigte.

Pretoria, 6 Augustus 1965.

NOTICE No. 461 OF 1965.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, No. 13 OF 1958.

Notice is hereby given, in terms of section *twenty-two* (1) of the Weights and Measures Act, 1958, read with regulation 3 (1), Part I of the regulations under the Act, that all persons in the Magisterial Districts of Alberton Germiston and Kempton Park, who have weighing and measuring instruments, weights and measures in use in trade, are required to produce these in order that they may be examined and assized or re-assized on or before the 1st October, 1965.

The Assize Officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

N.B.—Any person may make *written application* to have his weighing and measuring instruments assized on his premises provided that—

(*a*) his premises are situated at a distance of more than 12 miles from the nearest assize station shown in the Schedule below, in which case he may have all his instruments, weights and measures assized *in situ*;

(*b*) his instruments have a weighing capacity exceeding 300 lb. or are fixed or of delicate construction and cannot conveniently be moved (e.g. self-indicating scales, automatic weighers, etc.);

(*c*) his measuring instruments are fixed (e.g. petrol pumps, meters, etc.).

Written applications must be made *forthwith* to the Regional Assizer, P.O. Box 3556, Johannesburg.

Where instruments are assized on a trader's premises, additional charges are made for attendance.

W. G. THIEL,
Superintendent, Division of Weights and Measures.

Pretoria, 6th August, 1965.

BYLAE.

Natalspruit, Phooko Sosiale Sentrum, van 9 vm. tot 4 nm., 7 September 1965 en 9 vm. tot 12 middag, 8 September 1965.
Alberton, Stadsaal, van 9 vm. tot 4 nm., 9 September 1965 en 9 vm. tot 12 middag, 10 September 1965.
Elsburg, Stadsaal, van 2 nm. to 4 nm., 10 September 1965.
Germiston, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 4 nm., 13, 14, 15 en 16 September 1965.
Primrose, Outomatiese Sentrale, Ashstraat, van 9 vm. tot 4 nm., 17 en 20 September 1965.
Elandsfontein, Gebr. Judelman, Kraftweg 44, van 9 vm. tot 12 middag, 21 September 1965.
Modderfontein, Modderfonteinhek-winkel, van 2 nm. tot 4 nm., 21 September 1965.
Kempton Park, Munisipale Saal, Pinelaan, van 9 vm. tot 4 nm., 22 September 1965.
Tembisalokasie, Dorpsgebiedbestuurder se kantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 23 September 1965.
Edenvalelokasie, Superintendent se kantoor, van 9 vm. tot 4 nm., 24 September 1965.
Edenvale, Edenvaleskool, Negende Laan, van 9 vm. tot 4 nm., 27 September 1965.

SCHEDULE.

Natalspruit, Phooko Social Centre, from 9 a.m. tot 4 p.m., 7th Sepember, 1965, and 9 a.m. to 12 noon, 8th September 1965.
Alberton, Town Hall, from 9 a.m. to 4 p.m., 9th September, 1965, and 9 a.m. to 12 noon, 10th September, 1965.
Elsburg, Town Hall, from 2 p.m., to 4 p.m., 10th September, 1965.
Germiston, Police Station, from 9 a.m. to 4 p.m., 13th, 14th, 15th and 16th September, 1965.
Primrose, Automatic Exchange, Ash Street, from 9 a.m. to 4 p.m., 17th and 20th September, 1965.
Elandsfontein, Judelman Bros., 44 Kraft Road, from 9 a.m. to 12 noon, 21st September, 1965.
Modderfontein, Modderfontein Gate Supply Store, from 2 p.m. to 4 p.m., 21st September, 1965.
Kempton Park, Municipal Hall, Pine Avenue, from 9 a.m. to 4 p.m., 22nd September, 1965.
Tembisa Location, Township Manager's Office, from 9 a.m. to 12 noon, 23rd September, 1965.
Edenvale Location, Superintendent's Office, from 9 a.m. to 4 p.m., 24th September, 1965.
Edenvale, Edenvale School, Ninth Avenue, from 9 a.m. to 4 p.m., 27th September, 1965.

KENNISGEWING No. 462 VAN 1965.

WET OP MATE EN GEWIGTE No. 13 VAN 1958.

Kragtens artikel *twee-en-twintig* (1) van die Wet op Mate en Gewigte, 1958, gelees met regulasie 3 (1), Deel I van die regulasies ingevolge die Wet, word hierby kennis gegee aan alle persone in die landdrosdistrikte Cathcart, Glen Grey, Indwe en Queenstown, wat weeg- en meetinstrumente, gewigte en mate in die handel gebruik, om dit voor te lê vir ondersoek en yking of heryking voor of op 22 Oktober 1965.

Die Ykbeampte sal teenwoordig wees soos aangedui in onderstaande Bylae.

L.W.—Enige persoon mag *skriftelik aansoek* doen om sy weeg- en meetinstrumente op sy perseel te laat yk op voorwaarde dat—

(*a*) sy perseel verder as 12 myl geleë is vanaf die naaste ykpos genoem in onderstaande Bylae, en in so 'n geval mag al sy instrumente, gewigte en mate op sy perseel geyk word;

(*b*) sy weeginstrumente 'n weegvermoë van meer as 300 lb. het, vas is of van fyngevoelige samestelling is en nie maklik vervoer kan word nie (bv. selfaanwysende skale, outomatiese weërs, ens.);

(*c*) sy meetinstrumente vas is (bv. petrolpompe, -meters, ens.).

Skriftelike aansoeke moet *onverwyld* gerig word aan die Streekyker, Posbus 300, Oos-Londen.

Wanneer instrumente op 'n handelaar se perseel geyk word, word ekstra gelde gevorder.

W. G. THIEL,
Superintendent, Afdeling Mate en Gewigte.

Pretoria, 6 Augustus 1965.

BYLAE.

Toise, E. P. Paul se winkel, van 9 vm. tot 10 vm., 8 September 1965.
Cathcart, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 9 September 1965.
Braamnek, A. M. Klopper se winkel, van 9 vm. tot 10 vm., 15 September 1965.
Occupation, W. F. du Plessis se winkel, van 2 nm. tot 3 nm., 15 September 1965.
Mpotula, B. Sprenger se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 16 September 1965.

NOTICE No. 462 OF 1965.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, No. 13 OF 1958.

Notice is hereby given in terms of section *twenty-two* (1) of the Weights and Measures Act, 1958, read with regulation 3 (1), Part I of the Regulations under the Act, that all persons in the Magisterial Districts of Cathcart, Glen Grey, Indwe and Queenstown, who have weighing and measuring instruments, weights and measures in use in trade, are required to produce these in order that they may be examined and assized or re-assized on or before the 22nd October, 1965.

The Assize Officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

N.B.—Any person may make *written application* to have his weighing and measuring instruments assized on his premises provided that:—

(*a*) his premises are situated at a distance of more than 12 miles from the nearest Assize Station shown in the Schedule below, in which case he may have all his instruments, weights and measures assized *in situ;*

(*b*) his instruments have a weighing capacity exceeding 300 lb. or are fixed or are of delicate construction and cannot conveniently be moved (e.g. self-indicating scales, automatic weighers, etc.);

(*c*) his measuring instruments are fixed (e.g. petrol pumps, meters, etc.).

Written applications must be made *forthwith* to the Regional Assizer, P.O. Box 300, East London.

Where instruments are assized on a trader's premises, additional charges are made for attendance.

W. G. THIEL,
Superintendent, Division of Weights and Measures.

Pretoria, 6th August, 1965.

SCHEDULE.

Toise, E. A. Paul's Store, from 9 a.m. to 10 a.m., 8th September, 1965.
Cathcart, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 9th September, 1965.
Braamnek, A. M. Klopper's Store, from 9 a.m. to 10 a.m., 15th September, 1965.
Occupation, W. F. du Plessis' Store, from 2 p.m. to 3 p.m., 15th September, 1965.
Mpotula, B. Sprenger's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 16th September, 1965.

Mbinzana, I. E. Tilbrook se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 17 September 1965.
Buffelsdoring, E. E. Hessel se winkel, van 9.30 vm. tot 10.30 vm., 20 September 1965.
Qoqodala, Die Sending-winkel, van 9.30 vm. tot 10.30 vm., 21 September 1965.
Driver's Drift, C. Tilbrook se winkel, van 9 vm. tot 10 vm., 22 September 1965.
Bonny Glen, mev. A. D. Nel se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 23 September 1965.
Lady Frere, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 4 nm., 24 September 1965 en 9 vm. tot 11 vm., 27 September 1965.
Riverside, C. G. Puttergill se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 29 September 1965.
Indwe, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 30 September 1965.
Ida, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 10 vm., 1 Oktober 1965.
Whittlesea, Polisiekantoor, van 10 vm. tot 12 middag, 5 Oktober 1965.
Kamastone, Jeffrey & Jeffrey se winkel, van 9 vm. tot 10 vm., 6 Oktober 1965.
Donnybrook, J. Milne se winkel, van 12 middag tot 1 nm., 6 Oktober 1965.
Oxkraaldrift, B. B. Heger se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 7 Oktober 1965.
Queenstown, D. O. W.-werkwinkels (agter die Drilsaal), van 9 vm. tot 4 nm., 18, 19, 20, 21 en 22 Oktober 1965.

Mbinzana, I. E. Tilbrook's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 17th September, 1965.
Buffelsdoring, E. E. Hessel's Store, from 9.30 a.m. to 10.30 a.m., 20th September, 1965.
Qoqodala, Mission Store ,from 9.30 a.m. to 10.30 a.m., 21st September, 1965.
Driver's Drift, C. Tilbrook's Store, from 9 a.m. to 10 a.m., 22nd September, 1965.
Bonny Glen, Mrs. A. D. Nel's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 23rd September, 1965.
Lady Frere, Police Station, from 9 a.m. to 4 p.m., 24th September, 1965, and 9 a.m. to 11 a.m., 27th September, 1965.
Riverside, C. G. Puttergill's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 29th September, 1965.
Indwe, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 30th September, 1965.
Ida, Police Station, from 9 a.m. to 10 a.m., 1st October, 1965.
Whittlesea, Police Station, from 10 a.m. to 12 noon, 5th October, 1965.
Kamastone, Jeffrey & Jeffrey's Store, from 9 a.m. to 10 a.m., 6th October, 1965.
Donnybrook, J. Milne's Store, from 12 noon to 1 p.m., 6th October, 1965.
Oxkraaldrift, B. B. Heger's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 7th October, 1965.
Queenstown, P.W.D. Workshops (behind Drill Hall), from 9 a.m. to 4 p.m., 18th, 19th, 20th, 21st and 22nd October, 1965.

KENNISGEWING No. 463 VAN 1965.

DOEANETARIEFAANSOEKE.

LYS No. 399.

Onderstaande vertoë betreffende die Doeanetarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang:

Verhoging van die reg op:—

1. Smeeplate, -fynplate en -band, van aluminium, deur subposte 76.03.10, .30, .50 en .80 deur die volgende onderskeie subposte te vervang:—

76.03.10 Platplate of -fynplate (uitgesonderd sirkels) wat, volgens gewig, hoogstens 99·9 persent aluminium bevat

76.03.10.10 met 'n dikte van hoogstens 0·015 dm., maar uitgesonderd produkte wat, volgens gewig, meer as—
0·5 persent koper; of
1·6 persent magnesium; of
4·0 persent silikon bevat
15 Persent (algemeen).

76.03.10.20 met 'n dikte van meer as 0·015 dm. maar hoogstens 0·128 dm., maar uitgesonderd produkte wat, volgens gewig, meer as—
0·5 persent koper; of
6·0 persent magnesium; of
4·0 persent silikon bevat
15 Persent (algemeen).

76·03·30 Plate of fynplate, met 'n gegolfde of ander profielvorm wat, volgens gewig, hoogstens 99·9 persent aluminium bevat. 15 Persent (algemeen)

76·03·50 Gehaspel, wat volgens gewig, hoogstens 99·9 persent aluminium bevat, met 'n dikte van hoogstens 0·128 dm., maar uitgesonderd produkte wat, volgens gewig, meer as—
0·5 persent koper; of
6·0 persent magnesium; of
4·0 persent silikon bevat. 15 Persent (algemeen).

76.03.80 Sirkels wat, volgens gewig, hoogstens 99·9 persent aluminium bevat, met 'n deursnee van hoogstens 48 dm. en met 'n dikte van hoogstens 0·25 dm., maar uitgesonderd produkte wat, volgens gewig, meer as—
0·5 persent koper; of
6·0 persent magnesium; of
4·0 persent silikon bevat. 15 Persent (algemeen).

OPMERKING.—Hierdie aansoek brei die aansoek wat in Lys No. 373 (Kennisgewing No. 502 van 10 Julie 1964) gepubliseer is, uit. (R.H.N.-verw. 35/9/13.)

(Applikant: Alcan Aluminium of South Africa Limited, Posbus 74, Pietermaritzburg.)

NOTICE No. 463 OF 1965.

CUSTOMS TARIFF APPLICATIONS.

LIST No. 399.

The following representations affecting the Customs Tariff have been received by the Board of Trade and Industries:—

Increase in duty on:—

1. Wrought plates, sheets and strip, of aluminium, by substitution for sub-headings 76.03.10, .30, .50 and .80 of the following respective sub-headings:—

76.03.10 Flat plates or sheets (excluding circles), containing, by weight, not more than 99·9 per cent of aluminium—

76.03.10.10 of a thickness not more than 0·015 in., but excluding products containing, by weight, more than—
0·5 per cent of copper; or
1·6 per cent of magnesium; or
4·0 per cent of silicon. 15 Per cent (general).

76.03.10.20 of a thickness exceeding 0·015 inch but not more than 0·128 in., but excluding products containing, by weight, more than—
0·5 per cent of copper; or
6·0 per cent of magnesium; or
4·0 per cent of silicon. 15 Per cent (general).

76.03.30 Plates or sheets, with a corrugated or other profile configuration, containing, by weight, not more than 99·9 per cent of aluminium. 15 Per cent (general).

76.03.50 Coiled, containing, by weight, not more than 99·9 per cent of aluminium, of a thickness not exceeding 0·128 in., but excluding products containing, by weight, more than—
0·5 per cent of copper; or
6·0 per cent of magnesium: or
4·0 per cent of silicon. 15 Per cent (general).

76.03.80 Circles, containing, by weight, not more than 99·9 per cent of aluminium, of a diameter not exceeding 48 in. and of a thickness not exceeding 0·25 in., but excluding products containing, by weight, more than—
0·5 per cent of copper; or
6·0 per cent of magnesium; or
4·0 per cent of silicon. 15 Per cent (general).

NOTE.—This application amplifies the application published in List No. 373 (G.N. No. 502, dated 10th July, 1964). (B.T.I. ref. 35/9/13).

(Applicant: Alcan Aluminium of South Africa Limited, P.O. Box 74, Pietermaritzburg.)

2. Sluiskleppe, waarvoor onder tariefpos 84.61.90, voorsiening gemaak word, vanaf 5 persent *ad valorem* (algemene reg) en vry van reg (voorkeursreg) tot die volgende regte:—

	Skaal van reg.		
	Algemene skaal.	M.B.N.-skaal.	Voorkeur-skaal.
(*a*) Sluiskleppe in groottes ½″, ¾″ en 1″	25c elk, plus 5%	—	25c elk, (V.K.; Kanada).
(*b*) Sluiskleppe in groottes 1¼″, 1½″ en 2″	50c elk, plus 5%	—	50c elk, (V.K.; Kanada).
(*c*) Sluiskleppe in groottes 2½″ en 3″	70c elk, plus 5%	—	70c elk, (V.K.; Kanada).
(*d*) Ander	5%	—	Vry (V.K.; Kanada).

(R.H.N.-verw. 34/9/6.)

[Applikant: Peglers (South Africa) (Pty.), Ltd., Posbus 5097, Benoni-Suid.]

3. Tekstielbedekte gevulkaniseerde rubberdraad, vanaf 10 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem*. (R.H.N.-verw. 123/9/51.)

[Applikant: Elasticos (Pty.), Ltd., Posbus 3650, Kaapstad.]

Korting van die reg op:—

Distillaatbrandstowwe en residubrandstofolies, vir gebruik as enjinbrandstof in—

(*a*) skepe gehuur deur Suid-Afrikaanse maatskappye vir deelname aan die handel langs die kus; en

(*b*) opmeet-, prospekteer- en mynvaartuie wat in Suid-Afrika geregistreer is en op die hoogte van die kus van die Republiek en Suidwes-Afrika vaar. (R.H.N.-verw. 92/11/6.)

(Applikant: South African Shipowners' Association, Posbus 1345, Kaapstad.)

Intrekking van kortingfasiliteite ten opsigte van:—

Tekstielbedekte rubberdraad, waarvoor onder items 311.03, 311.04 en 311.11 voorsiening gemaak word. (R.H.N.-verw. 123/9/51.)

[Applikant: Elasticos (Pty), Ltd., Posbus 3650, Kaapstad.]

ALGEMEEN.

1. Korting van die aksynsreg op distillaatbrandstowwe en residubrandstofolies, geklaar vir gebruik as enjinbrandstof in—

(*a*) skepe gehuur deur Suid-Afrikaanse maatskappye vir deelname aan die handel langs die kus; en

(*b*) opmeet-, prospekteer- en mynvaartuie wat in Suid-Afrika geregistreer is en op die hoogte van die kus van die Republiek en Suidwes-Afrika vaar. (R.H.N.-verw. 92/11/6.)

(Applikant: South African Shipowners' Association, Posbus 1345, Kaapstad.)

2. Vervanging van item 315.01 (76.03) deur die volgende item:—

„315.01 *Nywerheid: Onedelmetale.*

76.03 Aluminiumfynplaat (gehaspel) met 'n dikte van hoogstens 0.128 duim., vir die vervaardiging van aluminiumfoelie—Tot die bedrag van die volle reg." (R.H.N.-verw. 35/9/13.)

OPMERKING.—Hierdie aansoek brei die aansoek wat in Lys No. 373 (Kennisgewing No. 502 van 10 Julie 1964) gepubliseer is, uit.

(Applikant: Alcan Aluminium of South Africa Limited, Posbus 74, Pietermaritzburg.)

Kyk Kennisgewing No. 432 van 30 Julie 1965 vir Lys No. 398.

2. Gate valves provided for under tariff heading 84.61.90, from 5 per cent *ad valorem* (general rate) and free of duty (preferential rate) to the following rates:—

	Rate of Duty.		
	General.	M.F.N.	Preferential.
(*a*) Gate valves in sizes ½″, ¾″ and 1″	25c each plus 5%		25c each (U.K.; Canada).
(*b*) Gate valves in sizes 1¼″, 1½″ and 2″	50c each plus 5%	—	50c each (U.K.; Canada).
(*c*) Gate valves in sizes 2½″ and and 3″	70c each plus 5%	—	70c each (U.K.; Canada).
(*d*) Other	5%	—	Free. (U.K.; Canada).

(B.T.I. Ref. 34/9/16.)

[Applicant: Peglers (South Africa) (Pty.), Ltd., P.O. Box 5097, Benoni South.]

3. Textile covered vulcanised rubber thread, from 10 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem*. (B.T.I. Ref. 123/9/51).

[Applicant: Elasticos (Pty.), Limited, P.O. Box 3650, Cape Town.]

Rebate of duty on:—

Distillate fuels and residual fuel oils for use as engine fuel in—

(*a*) ships chartered by South African companies for participation in the coastwise trade; and

(*b*) survey, prospecting and mining vessels registered in South Africa and operated off the coast of the Republic and South West Africa. (B.T.I. 92/11/6.)

(Applicant: South African Shipowners' Association, P.O. Box 1345, Cape Town.)

Withdrawal of rebate facilities in respect of:—

Textile covered rubber thread as provided for under items 311.03, 311.04 and 311.11. (B.T.I. Ref. 123/9/51.)

[Applicant: Elasticos (Pty.), Limited, P.O. Box 3650, Cape Town.]

GENERAL.

1. Rebate of excise duty on distillate fuels and residual fuel oils entered for use as engine fuel in—

(*a*) ships chartered by South African companies for participation in the coastwise trade; and

(*b*) survey, prospecting and mining vessels registered in South Africa and operated off the coast of the Republic and South West Africa. (B.T.I. Ref. 92/11/6.)

(Applicant: South African Shipowners' Association, P.O. Box 1345, Cape Town.)

2. Substitution for item 315.01 (76.03) of the following item:—

" 315.01 *Industry: Base Metals.*

76.03 Aluminium sheet (coiled), of a thickness not exceeding 0.128 in., for the manufacture of aluminium foil—To the extent of the full duty": (B.T.I. Ref. 35/9/13.)

NOTE:—This application amplifies the application published in List No. 373 (G.N. No. 502, dated 10th July, 1964).

(Applicant: Alcan Aluminium of South Africa Limited, P.O. Box 74, Pietermaritzburg.)

For List No. 398 see General Notice No. 432 of 30th July, 1965.

RN. 5/8/52.

KENNISGEWING No. 464 VAN 1965.

BOUVERENIGINGSOPGAWES.

Ingevolge artikel *vier-en-dertig* (2) van die Bouverenigingswet, 1965, word onderstaande saamgestelde opgawe vir algemene inligting gepubliseer.

NOTICE No. 464 OF 1965.

BUILDING SOCIETIES RETURNS.

In terms of section *thirty-four* (2) of the Building Societies Act, 1965, the following composite return is published for general information.

SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG OP DIE 30STE JUNIE 1965.

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED ON THE 30TH DAY OF JUNE, 1965.

	Getal. Number.	*Bedrag. Amount.*	
Getal Verenigings—Number of Societies	22		
Aandelekapitaal—Share Capital:		R	R
Ongepaalde—Indefinite		928,006,108	
Vaste Termyn—Fixed Period		48,954,119	
TOTAAL—TOTAL			976,960,227
Statutêre Reserwe—Statutory Reserve			51,165,719
Deposito's—Deposits:			
Vaste—Fixed		477,462,591	
Spaar—Savings		233,448,324	
TOTAAL—TOTAL			710,910,915
Opgelope Rente—Accrued Interest			12,484,878
Lenings en Oortrekkings—Loans and Overdrafts			9,302,050
Voorskotte teen verband—Mortgage Advances:			
(1) Voorskotte bo R15,000—Advances over R15,000	7,201		295,076,478
(2) Alle Voorskotte—All Advances	263,908		1,443,532,829
Toegestaan maar nie uitbetaal nie—Granted but not paid out			100,959,675
Likwiede Bates—Liquid Assets:			
Kontant en Deposito's—Cash and Deposits		57,151,499	
Onbeswaarde Effekte—Unemcumbered Securities		208,911,724	
Opgelope Rente—Accrued Interest		3,441,799	269,505,022
Statutêre minimum bedrag—Statutory minimum amount			205,457,701

KENNISGEWING No. 465 VAN 1965.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat van Bates en Laste op die 6de dag van Augustus 1965.

LASTE.	R c	BATES.	R c
Kapitaal	2,000,000-00	Goud (waarvan R94,261,294-28 buite die Republiek gehou word)	257,263,245-19
Reserwefonds	10,477,508-24	Buitelandse:	
Note in Omloop	311,867,725-00	Wissels	12,003,597-47
Deposito's:		Beleggings	30,056,394-57
Regering	61,273,005-83	Ander Bates	31,932,630-07
Provinsiale Administrasies	11,214,070-72		
Bankiers	103,980,357-18	Totaal aan Goud en Buitelandse Bates	331,255,867-30
Andere	10,336,249-19	Binnelandse:	
Ander Laste	36,081,315-70	Gediskonteerde Wissels	55,880,000-00
		Lenings en Voorskotte:	
		Regering	—
		Andere	49,930,015-94
		Sekuriteite:	
		Regering	86,244,409-92
		Andere	4,053,661-47
		Ander Bates	19,866,277-23
	R547,230,231-86		R547,230,231-86

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 59·3 persent.

Pretoria, 11 Augustus 1965. EDWARD MOORE, Hoofkassier.

NOTICE No. 465 OF 1965.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement of Assets and Liabilities on the 6th day of August, 1965.

LIABILITIES.	R c	ASSETS.	R c
Capital	2,000,000-00	Gold (of which R94,261,294-28 is held outside the Republic)	257,263,245-19
Reserve Fund	10,477,508-24	Foreign:	
Notes in Circulation	311,867,725-00	Bills	12,003,597-47
Deposits:		Investments	30,056,394-57
Government	61,273,005-83	Other Assets	31,932,630-07
Provincial Administrations	11,214,070-72		
Bankers	103,980,357-18	Total Gold and Foreign Assets	331,255,867-30
Other	10,336,249-19	Domestic:	
Other Liabilities	36,081,315-70	Bills discounted	55,880,000-00
		Loans and Advances:	
		Government	—
		Other	49,930,015-94
		Securities:	
		Government	86,244,409-92
		Other	4,053,661-47
		Other Assets	19,866,277-23
	R547,230,231-86		R547,230,231-86

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 59·3 per cent.

Pretoria, 11th August, 1965. EDWARD MOORE, Chief Cashier.

KENNISGEWING No. 466 VAN 1965.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat van Bates en Laste op die 31st dag van Julie 1965.

LASTE.	R c
Kapitaal	2,000,000–00
Reserwefonds	10,477,508–24
Note in Omloop	334,016,949–00
Deposito's:	
Regering	75,962,127–99
Provinsiale Administrasies	11,556,702–37
Bankiers	105,713,055–58
Andere	8,953,127–29
Ander Laste	37,203,516–28
	R585,882,986–75

BATES.	R c
Goud (waarvan R86,935,666–42 buite die Republiek gehou word)	254,690,594–01
Buitelandse:	
Wissels	16,000,930–00
Beleggings	30,050,907–07
Ander Bates	30,995,356–89
Totaal aan Goud en Buitelandse Bates	331,737,787–97
Binnelandse:	
Gediskonteerde Wissels	50,980,000–00
Lenings en Voorskotte:	
Regering	—
Andere	89,207,524–67
Sekuriteite:	
Regering	86,225,659–66
Andere	4,053,661–47
Ander Bates	23,678,352–98
	R585,882,986–75

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 54·7 persent.

Pretoria, 11 Augustus 1965.

EDWARD MOORE, Hoofkassier.

NOTICE No. 466 OF 1965.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement of Assets and Liabilities on the 31st day of July, 1965.

LIABILITIES.	R c
Capital	2,000,000–00
Reserve Fund	10,477,508–24
Notes in Circulation	334,016,949–00
Deposits:	
Government	75,962,127–99
Provincial Administrations	11,556,702–37
Bankers	105,713,055–58
Other	8,953,127–29
Other Liabilities	37,203,516–28
	R585,882,986–75

ASSETS.	R c
Gold (of which R86,935,666–42 is held outside the Republic)	254,690,594–01
Foreign:	
Bills	16,000,930–00
Investments	30,050,907–07
Other Assets	30,995,356–89
Total Gold and Foreign Assets	331,737,787–97
Domestic:	
Bills discounted	50,980,000–00
Loans and Advances:	
Government	—
Other	89,207,524–67
Securities:	
Government	86,225,659–66
Other	4,053,661–47
Other Assets	23,678,352–98
	R585,882,986–75

Ration of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 54·7 per cent.

Pretoria, 11th August, 1965.

EDWARD MOORE, Chief Cashier.

KENNISGEWING No. 467 VAN 1965.

VERBETERINGSKENNISGEWING.

Die Registrateur van Maatskappye maak vir algemene inligting bekend dat in Algemene Kennisgewing No. 442 van 1965, gepubliseer in die *Staatskoerant* van 6 Augustus 1965, onder die opskrif „Maatskappye van die Register geskrap" die naam van die maatskappy Eric Bell and Company, Limited, per abuis gepubliseer is.

Die naam van die maatskappy kom nog op die Register voor.

NOTICE No. 467 OF 1965.

CORRECTION NOTICE.

The Registrar of Companies hereby notifies for general information that in General Notice No. 442 of 1965, published in the *Government Gazette* on the 6th August, 1965, under the heading "Companies struck off the Register" the name of the company Eric Bell and Company, Limited, was erroneously published.

The name of the company still appears on the Register.

KENNISGEWING No. 468 VAN 1965.

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET No. 51 VAN 1949), SOOS GEWYSIG.

Hierby word ingevolge die bepalings van paragrawe (*a*) en (*b*) van artikel *vyf* van bogenoemde Wet en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

NOTICE No. 468 OF 1965.

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT No. 51 OF 1949), AS AMENDED.

Pursuant to the provisions of paragraphs (*a*) and (*b*) of section *five* of the above-mentioned Act and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Vertoë ingevolge subartikel (1) van artikel *ses* van bogenoemde Wet ter ondersteuning, of bestryding van 'n aansoek moet die Sekretaris van Vervoer (Afdeling Burgerlugvaart), Privaatsak 193, Pretoria, binne 21 dae vanaf die datum van hierdie publikasie bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die applikant en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

BYLAE A.

LYS VAN AANSOEKE OM DIE VERANDERING OF WYSIGING VAN LISENSIES.

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die applikant die lugdiens eksploiteer. (C) Besonderhede van die lisensie en die verandering of wysiging daarvan of van die voorwaardes waarom aansoek gedoen is.

(A) National Airways Corporation (Pty.), Ltd., Pk. Baragwanath, Transvaal. (B) National Airways Corporation (Pty.), Ltd. (C) Nie-vasgestelde Lugvervoerderslisensie No. 402, Vliegopleidingslugdienslisensie No. 403 en Handelslugdienslisensie No. 404, gedateer 28 September 1963: Onder „Vliegtuie wat gebruik gaan word" voeg by: „Twin Comanche ZS-DUJ" en skrap „Cessna Skylane ZS-CUR": Onder „Tariefskaal" voeg by „ZS-DUJ teen 20-40c/myl".

BYLAE B.

LYS VAN AANSOEKE OM DIE TOESTAAN VAN LISENSIES.

(A) Naam en adres van applikant. (B) Besonderhede van Lugdiens. (C) Voorgestelde tariefskaal. (D) Vliegtuie wat gebruik gaan word. (E) Voorgestelde roetes, gebiede en frekwensies en uitgangsbasis(se).

(A) Air Cape (Pty.), Ltd., Posbus 3622, Kaapstad. (B) Vasgestelde Lugvervoerderslisensie. (C) R875 per retoerreis. (D) Dakota DC-3-Vliegtuig ZS-EDX. (E) Roetes: Kaapstad na Port Elizabeth; Gebiede: Kaapprovinsie; Frekwensies: Vertrek vanaf Kaapstad op Sondae ongeveer om 08.00-uur na Port Elizabeth en keer terug dieselfde dag: D. F. Malanlughawe.

KENNISGEWING No. 469 VAN 1965.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.

Verw.: LD.8/1/13.

Aan HUGH ROMILLY ABERCROMBIE (vier-vyfde aandeel) en THEODORUS CORNELIS JOHANNES ERASMUS (een-vyfde aandeel).

Die Administrasie, soos omskryf in artikel *een* van Wet No. 70 van 1957, in die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens artikel *twee* (1) van daardie Wet, saamgelees met Wet No. 37 van 1955, onteien hierby sekere grond groot ongeveer 9,400 vierkante voet, synde gedeelte van Oosstraat en Gerrit Maritzweg, geleë in die dorp Pretoria-Noord, distrik Pretoria, Provinsie Transvaal, soos breedvoeriger aangedui op Plan No. P.1131E.

Daar word dienooreenkomstig van u vereis om my onverwyld mee te deel (1) watter bedrag u as eienaar eis as vergoeding vir of ten opsigte van die onteiende goed, of vir enige skade wat as gevolg van die onteiening gely is, en (2) of daar benewens u 'n ander persoon is wat 'n reg op of oor die gemelde onteiende goed het, op grond waarvan hy geregtig mag wees om vergoeding te eis.

Representations in accordance with sub-section (1) of section *six* of the above-mentioned Act, in support of or in opposition to an application, should reach the Secretary for Transport (Division of Civil Aviation), Private Bag 193, Pretoria, within 21 days of the date of this publication stating whether the party or parties making such representation intend to be present or represented at the hearing.

The Commission will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as aforesaid and who desire to be present or represented at the hearing.

SCHEDULE A.

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR THE ALTERATION, MODIFICATION OR AMENDMENT OF LICENCES.

(A) Name and address of applicant. (B) Title under which the applicant is conducting the air service. (C) Particulars of the licence and of the alteration, modification or amendment thereto or the conditions thereof which have been applied for.

(A) National Airways Corporation (Pty.), Ltd., P.O. Baragwanath, Transvaal. (B) National Airways Corporation (Pty.), Ltd. (C) Non-Scheduled Air Transport Service Licence No. 402, Flying Training Air Service Licence No. 403, Aerial Work Air Service Licence No. 404, dated 28th September, 1963. Under "Aircraft to be used" add "Twin Comanche ZS-DUJ" and delete "Cessna Skylane ZS-CUR". Under "Tariff of Charges" add "ZS-DUJ at 20-40c/mile".

SCHEDULE B.

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR THE GRANT OF LICENCES.

(A) Name and address of applicant. (B) Particulars of Air Service. (C) Proposed tariff of charges. (D) Aircraft to be used. (E) Proposed routes, areas and frequencies and base(s) of operation.

(A) Air Cape (Pty.), Ltd., P.O. Box 3622, Cape Town. (B) Scheduled Air Transport Service Licence. (C) R875 per return trip. (D) Dakota DC-3 Aircraft ZS-EDX. (E) Routes: Cape Town to Port Elizabeth; Area: Cape Province; Frequencies: Leave Cape Town each Sunday at approximately 08.00 hours for Port Elizabeth and return the same day: D. F. Malan Airport.

NOTICE No. 469 OF 1965.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

NOTICE OF EXPROPRIATION.

Ref.: LD.8/1/13.

To HUGH ROMILLY ABERCROMBIE (four-fifths share) and THEODORUS CORNELIS JOHANNES ERASMUS (one-fifth share).

The Administration, as defined in section *one* of Act No. 70 of 1957, in the exercise of its powers under section *two* (1) of that Act, read with Act No. 37 of 1955, hereby expropriates certain land, in extent approximately 9,400 square feet, being portion of East Street and Gerrit Maritz Road, situate in the township of Pretoria North, District of Pretoria, Province of Transvaal, as more fully shown on Plan No. P.1131E.

You are accordingly required to inform me forthwith (1) what amount you, as owner, claim as compensation for or in respect of the expropriated property or for any damage sustained in consequence of the expropriation, and (2) whether any person other than yourself has any right in or to the said property which might entitle him to claim compensation.

Tensy die Administrasie onthef word van die verpligting om vergoeding te betaal, is ek bereid om te onderhandel aangaande die bedrag daarvan.

Eiendomsreg op die onteiende goed word met die bestelling hiervan in die Administrasie gevestig. Indien dit nodig geag word, sal die verandering van eiendomsreg kragtens artikel *een-en-dertig* van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, geregistreer word.

Gedateer in Johannesburg, hierdie 6de dag van Augustus 1965.

J. KRUGER,
Adjunk-hoofbestuurder.

KENNISGEWING No. 470 VAN 1965.

WET OP WELSYNSORGANISASIES, No. 40 VAN 1947.

AFWYSING VAN AANSOEK OM REGISTRASIE AS WELSYNSORGANISASIE.

Die Nasionale Welsynsraad het, kragtens artikel *nege* (3) (*b*) (v) van die Wet op Welsynsorgansasies, No. 40 van 1947, die aansoek om registrasie van die „Coloured Kindergarten School and Nursery", Matroosfontein, Kaapstad, afgewys.

J. P. MOUTON,
Registrateur van Welsynsorganisasies.

KENNISGEWING No. 471 VAN 1965.

DRANKWET, 1928.

KENNISGEWING VAN 'N TUSSENTYDSE VERGADERING VAN DIE DRANKLISENSIERAAD VAN DRANKLISENSIEGEBIED No. 31 INGEVOLGE ARTIKEL *EEN-EN-TWINTIG* BELÊ.

Hierby word bekendgemaak dat 'n tussentydse vergadering van die Dranklisensieraad van Dranklisensiegebied No. 31 om 9.30-uur in die voormiddag op die 21ste dag van September 1965 by die Landdroshof te Durban, in die distrik Durban, gehou sal word vir oorweging van die volgende aangeleentheid:—

'n Verslag by my ingedien kragtens subartikel (2) van artikel *honderd sewe-en-dertig* van Wet No. 30 van 1928, soos gewysig, wat beweer dat die lisensiehouer van die Napoleon Restaurant, Durban, nie 'n voorwaarde van sy lisensie, naamlik dat geen aanbouing of verandering aan die struktuur van die gebou aangebring sal word sonder die goedkeuring van die Voorsitter van die Dranklisensieraad, nagekom het nie.

A. LEE,
Waarnemende Voorsitter van die Dranklisensieraad van Gebied No. 31.

Durban, 3 Augustus 1965.

KENNISGEWING No. 472 VAN 1965.

KENNISGEWING VAN VERGADERINGS VAN SKULDEISERS KRAGTENS SUBARTIKEL (1) VAN ARTIKEL *TIEN* VAN DIE BOERE-BYSTANDSWET, No. 48 VAN 1935, SOOS GEWYSIG.

Die Boere-Bystandsraad het besluit om vergaderings van ondergenoemde applikante en hul skuldeisers op die plekke en datums hieronder genoem, te belê ten einde hulle in staat te stel om hul vorderings teen die applikante te bewys en om voorgestelde reëlings van die Raad te oorweeg.

F. H. SEVENSTER,
Sekretaris, Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte.

